# Hoofstuk 6
# Breinkrag

## Luister en praat

### Visuele geletterdheid

**Aktiwiteit 6.1: Bespreek 'n spotprent**

*KABV bl. 21-22*

Wys die leerders op enkele eienskappe van die spotprent, soos dat dit gewoonlik kommentaar lewer op die optrede van mense, en hul flaters en dwaashede. Dit kan kommentaar lewer op wêreldgebeure of gebeure in 'n land se geskiedenis. Hoewel dit 'n uitlaatklep kan wees vir politieke ergernis, is dit meestal humoristies en wil mense laat dink, terwyl dit ook vermaak. Lei leerders om na die besonderhede van die spotprente te kyk en daarna ooreenstemmings en verskille uit te wys. Hulle moet bewustheid toon van die doel en boodskap van die spotprenttekenaar. Herinner leerders om tydens groepwerk na mekaar te luister en mekaar beurt te gee om hul menings openlik te deel.

6.1.1 Waaraan dink mans die meeste volgens die spotprenttekenaar?[DV1/2]
*Meisies*

6.1.2 Waaraan dink vroue die meeste volgens die spotprenttekenaar?[DV1/2]
*Verhoudings en inkopies*

6.1.3 Hoekom is die wit kolletjies by "luister" en "parkering" so klein?[DV3/4]
*Dit verwys na dinge waarin mans en vroue onderskeidelik volgens die spotprenttekenaar nie goed is nie.*

6.1.4 Wat verkies mans bo sjokolade?[DV1/2]
*TV kyk*

6.1.5 Wat impliseer die "vermy persoonlike vrae" van mans? [DV3/4]
*Mans hou nie daarvan om oor hulself te praat nie.*

6.1.6 Hoe sal jy hierdie spotprent bestempel: [DV3/4]
*seksisties*

6.1.7 Watter stereotipe het jou die meeste laat lag en hoekom?[DV5/6]
*Eie mening. Byvoorbeeld: Die klein kolletjie vir parkering by vroue, want my ma kan nie goed bestuur nie.*

6.1.8 Dink jy die spotprenttekenaar som jou as meisie of ou goed op? Motiveer jou reaksie. [DV5/6]
*Eie mening. Byvoorbeeld: Nee, want ek is 'n man en ek is 'n baie goeie luisteraar.*
*Ja, hy slaan die spyker op die kop; vroue is mal oor inkopies doen.*

6.1.9 Hoekom dink jy is sekere stereotipes skadelik?[DV5/6]
*Eie mening. Byvoorbeeld: Vir elke stereotipe is daar baie mense wat nie in daardie stereotipe pas nie en mense neem aanstoot en maak aannames oor ander.*

**Aktiwiteit 6.2: Ontleed statistieke**

*KABV bl. 31*

Leerders gaan in hierdie aktiwiteit statistieke ontleed en dit in groepe van 2–3 bespreek. Toets as inleiding leerders se kennis oor opvoedingsvlakke, vervoer, watergebruik en elektrisiteitsverbruik in Suid-Afrika. Gee daarna ŉ voorbeeld van hoe om statistiek te interpreteer en as rugsteun vir jou mening of afleiding te gebruik.

6.2.1 Watter kwalifikasie het die meeste mense in Belaqoe? [DV 1/2]
*ŉ Matrieksertifikaat*

6.2.2 Watter persentasie mense het nie skool klaargemaak nie? [DV1/2
*30%*

6.2.3 Watter persentasie mense besit vervoermiddels? [DV3/4]
*55% (motors, motorfietse en poegies)*

6.2.4 Noem ten minste drie tipes openbare vervoer? [DV3/4]
*Trein, bus en taxi*

6.2.5 Waarna kan "onbekend" moontlik verwys? [DV5/6]
*Eie mening. Byvoorbeeld: Mense met fietse*

6.2.6 In watter dekade het mense se toegang tot elektrisiteit die meeste toegeneem? [DV3/4]
*2000–2010*

6.2.7 Is Belaqoe ŉ eerste-, tweede- of derdewêreldse land? Motiveer jou antwoord.[DV5/6]
*Tweedewêrelds, want daar is sekere mense wat nog nie elektrisiteit en lopende water het nie.*

6.2.8 Hoekom is die gebruik van prentjies effektief? [DV5/6]
*Statistieke is vervelig, maar die prentjies trek die leser se aandag en help hom of haar om die statistieke te visualiseer.*

**Aktiwiteit 6.3: Vul ŉ tabel in**
*KABV bl. 31*

Verduidelik aan leerders om die onderstaande vrae met die behulp van die vorige aktiwiteit se inligting te beantwoord. Dit gaan van leerders verg om bietjie Wiskunde te doen. Doen gerus die eerste vraag as riglyn vir die klas.

| VRAAG | **ANTWOORD** |
|---|---|
| Aantal mense wat ŉ voorgraadse kwalifikasie het: | ***36 000*** |
| Aantal mense wat openbare vervoer gebruik: | ***72 000*** |
| Aantal mense sonder toegang tot lopende water: | ***7 200*** |
| Aantal mense wat in 2010 elektrisiteit gehad het: | ***160 200*** |

**Aktiwiteit 6.4: Voorbereide mondeling [Formele Assesseringstaak 5]**

*KABV bl. 23*

Gaan stap vir stap deur die wenke in die leerderboek oor hoe om ŉ goeie mondeling aan te bied. Gee vir leerders voorbeelde van wat jy nie wil sien nie. Gebruik ŉ gepaste rubriek om die mondelinge te assesseer.

## Lees en kyk

### Aandagtige lees
**Pre-lees**

- Stel leerders aan die teks bekend en aktiveer hul verwysingsraamwerk.

- Vra leerders om te voorspel waaroor die teks handel.
- Lig belangrike woordeskat uit en gee definisies waar nodig.

**Tydens lees**

Help leerders om die hooftema van elke paragraaf te bepaal: Par. 1: Ons moet lewenslange studente wees en ons kennis verbreed; Par. 2: Interessante feite oor die brein; Par. 3: Interessante feite oor Suid-Afrika; Par. 4: Interessante feite oor selfone; Par. 5: Interessante feite oor diere

**Aktiwiteit 6.5: Begripsvrae**

6.5.1 Hoe kry mense nuwe kennis? Par. 1 (2)[DV1/2]
*Mense doen navorsing en hulle ervaar die lewe OF jy moet ŉ lewenslange student wees en nuwe dinge leer.*

6.5.2 Wat beteken "ons moet lewenslange studente wees"? Par. 1 (1)[DV3/4]
*Jy moet na skool en universiteit, nuwe dinge leer, tot jy oud is. Jy moet aanhou leer.*

6.5.3 Noem een interessante feit oor die ontwikkeling van die brein. Par. 2 (1)[DV1/2]
*Jou brein ontwikkel tot op die ouderdom van 40.*

6.5.4 Waar of vals. Motiveer jou antwoord. Par. 2 (2)[DV3/4]
***Die linker- en regterbrein werk apart.***
*Vals, hulle kan nie geskei word nie, hulle werk saam.*

6.5.5 Hoe groot is Suid-Afrika ongeveer? Par. 3 (2)[DV1/2]
*Suid-Afrika is vyf keer so groot soos Japan en twee keer so groot soos Texas.*

6.5.6 Wat is die R62 en hoekom is dit ŉ groot aanwins vir Suid-Afrika? Par. 3 (2)[DV3/4]
*Dit is ŉ wynroete en dit lok baie toeriste na Suid-Afrika.*

6.5.7 Hoekom moet Suid-Afrikaners trots wees op die feit dat dr. Chris Barnard die eerste hartoorplanting gedoen het? Par. 3 (2)[DV5/6]
*Eie mening*

6.5.8 Hoeveel het die eerste selfoon gekos? Par. 4 (1)[DV3/4]
*$4000*

6.5.9 Hoekom word die meeste selfone in China gemaak. Par. 4 (1)[DV3/4]
*Eie mening: Byvoorbeeld: Dit kos goedkoper om dit daar te vervaardig. OF Die arbeidskoste is min.*

6.5.10 Hoeveel Rand was die duurste selfoonrekening? Par. 4 (1)[DV3/4]
*Ongeveer R 2 600 000 (hang af van vandag se wisselkoers)*

6.5.11 Hoe weet ons dat Nieu-Seeland van skaapvleis hou? Par. 5 (2)[DV1/2]
*Daar is 4 miljoen mense en 70 miljoen skape in Nieu-Seeland.*

6.5.12 Wat doen Denemarke met al die varkvleis wat hulle nie self gebruik nie? Par. 5 (1)[DV3/4]
*Hulle voer dit uit na ander lande.*

6.5.13 Hoekom kan ŉ mens nie van ŉ volstruis weghardloop nie? Par. 5 (1)[DV1/2]
*ŉ Volstruis hardloop tot 70 km/h.*

6.5.14 Wat leer ons oor die wild in Par. 5? (1)[DV5/6]
*Eie mening*

**Aktiwiteit 6.6: ’n Diagram**
*KABV bl. 31*

Hierdie aktiwiteit gee jou as onderwyser die geleentheid om met leerders oor hul toekoms en universiteit of kollege te gesels. Moedig leerders aan om hard te werk sodat hulle na skool ’n kwalifikasie kan verwerf. Mandela het gesê dat opvoeding een van die magtigste wapens is. Onthou ook om vir leerders te verduidelik dat hierdie statistieke slegs die mening van een hoërskool is en dus nie ’n weerspieëling is van alle jong Suid-Afrikaners nie.

6.6.1 Watter provinsie het die meeste stemme gekry? (1)[DV1/2]
*Wes-Kaap, 33%*
6.6.2 Watter provinsie het die minste stemme gekry? (1)[DV1/2]
*Limpopo, 4%*
6.6.3 Watter universiteit val nie in enige provinsie nie? (1)[DV1/2]
*UNISA*
6.6.4 Watter universiteit is die gewildste? (1)[DV1/2]
*Universiteit Stellenbosch*
6.6.5 Watter universiteite het dieselfde hoeveelheid stemme gekry? (2)[DV1/2]
*Rhodes en Venda het elk 4% stemme gekry. Noordwes, KwaZulu-Natal, Witwatersrand en Zululand het elk 8% stemme gekry.*
6.6.6 Hoekom kan hierdie syfers nie gebruik word om te bepaal waar alle graad 12’s volgende jaar wil gaan studeer nie? (2)[DV3/4]
*Dit is net een skool se stemme en nie ’n refleksie van die hele Suid-Afrika nie.*
6.6.7 Noem ten minste twee belangrike faktore wat ’n impak het op ’n student se besluit oor waar hy of sy wil gaan studeer? (2)[DV3/4]
*Eie mening*
6.6.8 Wat wil jy na skool doen? (1)[DV5/6]
*Eie mening*

**Aktiwiteit 6.7: Lees ’n artikel**
*KABV bl. 28-31*

Jy kan as inleiding tot hierdie aktiwiteit ’n kort vasvrae in die klas hou. Deel jou klas in groepe van vyf op en berei ’n paar algemene kennisvrae voor. Leerders geniet die kompetisie en deelname.

6.7.1 Wat is ’n flinkdinker? (1)[DV3/4]
*Eie mening*
6.7.2 Watter kompetisie het Lana en Chester gewen? (1)[DV1/2]
*Die kompetisie vir leerders met die beste algemene kennis.*
6.7.3 Waar vind die finale ronde van die kompetisie plaas? (1)[DV1/2]
*Switserland*
6.7.4 Wat is die wenprys? (1)[DV1/2]
*’n Studiebeurs om by enige universiteit in jou tuisland te gaan studeer.*
6.7.5 Wat wil Chester na skool gaan studeer? (1)[DV1/2]
*Hy is nog nie seker nie.*

6.7.6 Waar of vals. Motiveer jou antwoord. (2)[DV3/4]

*Vals, hulle het nog nie paspoorte nie.*

6.7.7 Hoe moet Chester en Lana hulself voorberei? (3)[DV1/2]
*Baie lees, nuus kyk en aanlyn vasvraspeletjies speel.*

6.7.8 Dink jy so kompetisie kan by jou skool gereël word? (2)[DV5/6]
*Eie mening*

## Skryf en aanbied

### Skryf jou eie verduideliking

**Aktiwiteit 6.8 Evalueer en skryf ʼn verduideliking**
*KABV bl. 38-39*

Lei die leerders om die verduideliking in die leerdersboek te evalueer. Dit is belangrik dat hul besef dat elke sin met ʼn werkwoord begin en dat die stappe chronologies plaasvind. Dit is belangrik dat die stappe chronologies gelys word sodat die leser nie deurmekaar raak nie. Dui vir die leerders aan dat slegs die nodige inligting gegee word. Die skrywer noem slegs wat gedoen moet word.

Gee aan die leerders opdrag om stap vir stap skriftelik te verduidelik (instruksies te skryf) hoe om ʼn "twitter"-rekening oop te maak en hoe om te twiet. Lei die leerders weer deur die stappe van die skryfproses en gebruik ʼn gepaste rubriek om hierdie skryfstuk te assesseer.

6.8.1 Met watter **woordsoort** begin elke stap?
*Werkwoord*

6.8.2 Is die stappe in **chronologiese volgorde**?
*Ja*

6.8.3 Waarvoor moet jy versigtig wees as jy ʼn verduideliking gee?
*Om ondubbelsinnig te praat, nie te veel verwarrende informasie te gee nie ens.*

6.8.4 Twitter is een van die gewildste vorme van sosiale media. Verduidelik stap vir stap, in 80 – 100 woorde, hoe om ʼn twitter-rekening oop te maak en jou eerste twiet die wêreld in te stuur.

**Aktiwiteit 6.9 Skryf ʼn verskoningsbrief**
*KABV bl. 42-43*

Lees deur en bespreek die verskoningsbrief wat as voorbeeld dien in die leerdersboek. Daarna behoort leerders hulle eie verskoningsbrief te skryf. Herinner leerders om opreg en eerlik te wees. Lei die leerders weer deur die stappe van die skryfproses en gebruik ʼn gepaste rubriek om hierdie skryfstuk te assesseer.

## Taalstrukture en -konvensies

### Hoofletters en skryftekens

### Aktiwiteit 6.10: Redigeer 'n teks

1) My pa het **Kersfees** vir ons 30 Seconds gekoop, 2) My oom is 'n professor aan die **Universiteit Stellenbosch**. 3) Hy **sê** altyd: **"Hoe** meer jy lees, hoe slimmer word jy."4) Hy lees elke dag die **Die Burger**. 5)Ons woon in die **Noord-Kaap** en kuier elke 6) **Desember**-vakansie by my 7) **oupa** en 8) **ouma**. Hulle speel nie saam nie. Ons skoolhoof, 9) **mnr. Du Toit**, sê saamspeel is goed. Dit help met 10) **Suid-Afrikaners** se 11) **kommunikasievermoë**. [11]

### Aktiwiteit 6.11: Voegwoorde

Verbind die onderstaande sinne deur middel van die voegwoord tussen hakies.

6.11.1 Ek wil goed doen op skool, **want** ek wil universiteit toe gaan. (1)

6.11.2 Imran kan elke aand warm stort **omdat** hulle elektrisiteit en lopende water het. (1)

6.11.3 Ons speel baie 30 Seconds **aangesien** ons ons algemene kennis wil verbeter. (1)

Verbind die onderstaande sinne, maar begin die sin met die voegwoord tussen hakies.

6.11.4 Aangesien ek gisteraand laat gaan slaap het, is ek baie moeg. (1)

6.11.5 Al verstaan ek nie die werk nie, het ek geslaag. (1)

6.11.6 Omdat hulle die beste algemene kennis het, het Chester en Lana die algemene kennis kompetisie gewen. (1)

### Aktiwiteit 6.12 Samestellings

Skryf die onderstaande woorde in hakies in die korrekte vorm oor.

6.12.1 Die vrou neem 'n *(kinderboek)* by die biblioteek uit. (1)
6.12.2 Ek hou daarvan om elke aand na die *(Suiderkruis)* te kyk. (1)
6.12.3 Ons woon langs 'n *(seunskool)*. (1)
6.12.4 Michelle reël 'n *(vrouetee)* as fondsinsameling. (1)
6.12.5 Damian maak die lekkerste *(kaassous)*. (1)

### Aktiwiteit 6.13 Simplekse en komplekse

6.13.1 simpleks (1)
6.13.2 kompleks (1)
6.13.3 kompleks (1)
6.13.4 simpleks (1)

**Aktiwiteit 6.14 Voorsetsels**

In die oggend *(1. om)* agtuur lui die skoolklok. Dit beteken die skooldag het begin. Op pad skool toe baklei ek en my suster *(2. oor)* iets simpels. Ons het nie *(3. vir)* ons ma geluister nie en nou is ons gehok. In die Wiskunde klas besef ek ek het my boek *(4. per)* ongeluk by die huis vergeet. Nou is ek weer *(5. in)* die moeilikheid. [5]

Vir ekstra oefening kan die leerders ook die volgende oefeninge doen. Dit kan mondeling gedoen word, op die bord geskryf word, of gefotostateer word.

---

**Ekstra:**

**Aktiwiteit 6.15 Voegwoorde en samestellings**

**Verbind die onderstaande sinne deur middel van die voegwoord tussen hakies.**

6.15.1 Hy was nog nooit honger nie. Hy moet dankbaar wees. (dus) (1)

6.15.2 Suid-Afrikaners moet hard studeer. Suid-Afrikaners moet groot droom. (en)(1)

**Verbind die onderstaande sinne, maar <u>begin</u> die sin met die voegwoord tussen hakies.**

6.15.3 Sekere meisies hou van inkopies. Dit is ʼn stereotipe dat meisies meer van inkopies hou as mans. (Alhoewel) (1)

6.15.4 Lika matrikuleer in 2020. Sy wil by die Universiteit van Fort Hare gaan studeer (Wanneer) (1)

**Skryf die onderstaande woorde in hakies in die korrekte vorm oor.**
6.15.5 Izak weet wanneer die *(wes + wind)* gaan waai. (1)
6.15.6 Watter *(land + staal)* praat jy by die huis? (1)
6.15.7 Weet u waar die *(man + toilet)* is? (1)
6.15.8 My oupa is ʼn *(duif + boer)*. (1)
6.15.9 Polelo geniet dit om *(druif + konfyt*) op haar brood te eet. (1)

**Antwoorde:**

6.15.1 Hy was nog nooit honger nie**; dus** moet hy dankbaar wees. (1)
6.15.2 Suid-Afrikaners moet hard studeer **en** groot droom.(1)
6.15.3 **Alhoewel** sekere meisies van inkopies hou, is dit ʼn stereotipe dat meisies meer van inkopies hou as mans. (1)
6.15.4 **Wanneer** Lika in 2020 matrikuleer, wil sy by die Universiteit van Fort Hare gaan studeer.
6.15.5 Izak weet wanneer die ***westewind*** gaan waai. (1)
6.15.6 Watter ***landstaal*** praat jy by die huis? (1)
6.15.7 Weet u waar die ***manstoilet*** is? (1)
6.15.8 My oupa is ʼn ***duiweboer*.** (1)
6.15.9 Polelo geniet dit om ***druiwekonfyt*** op haar brood te eet. (1)

Hierdie bladsy mag gekopieer word.